Die stort van vullis en afval het 'n negatiewe impak op u omgewing

Stort van vullis en afval op oop ruimtes, sypaad-jies, strate en stormwaterslote is:

'n Strafbare oortreding

'n Gesondheidsgevaar deurdat dit siektes soos diarree, vel- en ooginfeksies kan veroorsaak

'n Belediging van ons burgertrots en omgewing

'n Broeiplek vir kieme en peste soos rotte, vlieë, kakkerlakke en muskiete wat weer siektes versprei

'n Besoedeling van ons waterbronne

'n Vermorsing van munisipale geld

'n Belemmering vir ekonomiese groei, ontwikkeling en toerisme

ONTHOU !
U skep nie werk deur rommel te strooi nie. Geld waarmee die munisipaliteit huise en paaie kon bou of dienste verbeter moet nou spandeer word om rommel op te ruim.

WAT WORD VAN U VERWAG?

Gooi altyd u huisvullis in die drom.

Moenie tuinvullis of huisvullis op die sypaadjie gooi nie

Moenie vullis in die stormwater-inlate stort nie, dit besoedel ons waterbronne

Moenie vullis langs die grootmaathouer "skip" gooi nie

Moenie 'n vullishoop in u omgewing begin nie. Dit moedig ander aan om ook hulle vullis daar te gooi

Sit u vullis op die dag van verwydering uit

Moenie vullis uitbrand nie, dit besoedel die lug wat ons moet inasem

Rapporteer inwoners wat vullis onwettig stort by die plaaslike munisipaliteit

Leer u kinders van kleins af om vullis in die drom te gooi

KONTAK : 053 3913 003